

Deurdronge van die Heilige Gees

(video 31 Mei 2020)

Dit is Pinksterdag en ek wil bietjie kyk na hoe Pinkster ons raak, vandag, in die tyd waarin ons leef – die onsekere tye, amper 2000 jaar ná daardie groot eerste Pinksterdag. Is dit nog van toepassing? Raak dit ons nog?

Nadat Petrus daardie preek in Handelinge hoofstuk 2 op Pinksterdag gepreek het, eindig hy hiermee:

Hand 2:36 "Laat dan die hele huis van Isreal sekerlik weet dat God Hom Here en Christus gemaak het, hierdie Jesus wat julle gekruisig het."

Hy praat hier baie reguit met die mense; "**Julle** het Jesus gekruisig."

2:37 "Toe hulle dit hoor, is hulle diep in die hart getref en het vir Petrus en die ander apostels gesê: Wat moet ons doen broeders?"

Wat nou?

Hierdie het nou wel gebeur, maar wat nou? Wat moet ons doen? Petrus antwoord hulle met 'n baie definitiewe, positiewe woord en hy sê:

*Hand 2:38 "... **Bekeer julle**, en laat elkeen van julle **gedoop word** in die naam van Jesus Christus tot die vergewing van sondes ..."*

Die **bekering** en die **doop** word altwee in een sin genoem, en gaan dus hand aan hand; dit is eintlik een ding. Die

bekering is 'n omdraai, weg van die sondes af. Die doop is 'n baie praktiese, diep geestelike simbool waar ek sê dat ek sterf vir die ou lewe. In 1Korinthiërs 10 praat Paulus van die doop as hy na Israel verwys wat uit Egipte uitgekóm het. Hulle het deur die Rooisee gegaan en daar het hulle Egipte vir ewig afgelê. Die Egiptenare kon hulle nie agterna sit nie. Die slawerny van Egipte was nou 'n ding van die verlede, en nou wag 'n nuwe lewe van vryheid en oorwinning. Die doop word dan hier simbolies aangewys deurdat Israel daardie dag *deur die see* gegaan het, op pad Kanaanland toe. Die doop praat dus van die *dood* van die ou lewe van slawerny aan sonde (in Egipte) en die begin van 'n nuwe lewe (Kanaanland).

"Laat elkeen van julle doop en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang."

Die Heilige Gees word gegee, maar *eers* moet ons 'n besluit maak om daardie ou (Egipte) lewe van sonde af te lê, en in plek daarvan 'n nuwe lewe aanneem, 'n lewe van vryheid en van oorwinning oor die sonde.

Hand 2:39 "Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom toe sal roep."

Dit is dus nie net vir julle nie, maar ook vir julle kinders, vir julle kleinkinders, vir julle agterkleinkinders, en almal wat daar ver is. Hy kyk na die toekoms. Met ander woorde, Hy kyk na ons; regdeur die eeue heen kyk hy na die effektiwiteit van daardie Pinksterdag. Dit is nie net vir daardie dag en die mense van daardie dag nie. Dit is vir ewig, vir al die toekomstige generasies wat kom; dit is dus vir ons.

Lewende water

Maar vriende, ek wil bietjie terugkyk na wat Jesus van die doop van die Heilige Gees sê. Kom ons kyk na Johannes hoofstuk 7 waar Hy sê,

Joh 7:37-38 "As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink. Hy wat in My glo, soos die Skrif sê, strome van lewende water sal uit sy binneste vloei."

Iets gebeur dan wanneer ons na Jesus toe kom. In die volgende vers sê dit,

7:39 "Dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo ..."

Hy praat dus hier van die doop van die Gees, die ervaring waar die Heilige Gees in my inkom, in jou inkom. Hierdie ervaring (doop van die Heilige Gees) bewerk so 'n dramatiese verandering in ons lewens dat lewende water uit ons binneste begin uitvloei. Ons lewe verander. Dramaties. Die manier hoe ons praat verander. Die manier waarop ons dink, verander – waarop ons dinge doen, verander. Ons reaksies op dinge verander.

'n Voorbereiding

Maar waar pas die bekering en die doop in water dan in die prentjie? Johannes die Doper se bediening gee ons meer insig.

Mat 3:1 "In daardie dae het Johannes die Doper opgetree en in die woestyn van Judéa

*3:2 "gepreek en gesê: **Bekeer julle**, want die koninkryk van die hemele het naby gekom.*

3:3 "Want dit is hy van wie deur die profeet Jesaja gespreek is toe hy gesê het: Die stem van een wat roep in die woestyn: **Berei die weg van die Here, maak sy paaie reguit!**"

3:6 "En hulle is deur hom in die Jordaan **gedoop met belydenis van hulle sondes.**"

Hierdie **doop** van Johannes het ook gepaard gegaan met **bekering**, belydenis van sondes, en die **voorbereiding** vir iets wat moes kom. Wat sou kom? Ons lees dit 'n bietjie verder;

Mat 3:11 "Ek **doop** julle wel **met water tot bekering**; maar **Hy wat ná my kom**, is sterker as ek, wie se skoen ek nie waardig is om aan te dra nie. **Hy sal julle doop met die Heilige Gees** en met vuur."

Hierdie doop in water en bekering het hand aan hand saam geloop. Maar daarmee saam het dit na die toekoms verwys, na Jesus wie sou kom om hulle te doop met die Heilige Gees.

Die bekering saam met die doop is dus 'n voorbereiding vir die koms van die Heilige Gees. In die water-doop **sterf** ons vir die ou lewe, en neem 'n nuwe lewe aan, 'n veranderde lewe van oorwinning oor die slawerny aan die sondige lewe. Ons kan sê dit is gelykstaande aan die besnydenis van die hart. Ons lees daarvan in Eségiël:

Eség 36:25 "Dan sal Ek **skoon water** op julle giet, sodat julle **rein kan word**; van al jul onreinhede en van al jul drekgode sal Ek julle reinig.

*36:26 "En Ek sal julle 'n **nuwe hart gee** en 'n nuwe **Gees** in jul binneste gee; en Ek sal die **hart van klip uit julle vlees wegneem** en julle 'n **hart van vlees gee**.*

*36:27 "En Ek sal **my Gees in jul binneste gee** en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen."*

Ons vind hier dat die profeet met die reinigings proses begin, waar die sondes weggeneem is en die hart voorberei is, en dan eers word die Heilige Gees in hul binneste gegee.

Wanneer die Heilige Gees in ons harte gegee is begin die Lewende water uit ons binneste vloei. Iewers binne ons is daar 'n dramatiese verandering wat plaasvind. Hoe gebeur dit? Wat is die vereiste?

"As iemand dors het, laat hom kom."

Ons lees in Psalm 42 waar die digter praat van die wildsbok.

*Psalm 42:2 "Soos 'n wildsbok wat smag na waterstrome, so **smag** my siel na U, o God!"*

Ek smag nie na die dinge wat God vir my kan doen nie. Ek smag na Hóm. Ek wil Hóm hê. Ons vra vir Heilige Gees, *"Heilige Gees, ek wil hê dat U in my moet kom – Ek smag na U."* Ons smag na Hom, want wanneer Hy in ons is, dan verander alles. My hele lewe verander.

Die saad moet val en sterf

Kom ons kyk 'n bietjie verder vorentoe na Johannes hoofstuk 12. Jesus leer hier oor die Heilige Gees. Onthou, die gebeure in Johannes 12 vind plaas op die dag van die laaste maal - daardie aand - en die kruisiging die volgende dag. Hierdie vind dus plaas net voor die kruisiging.

Joh 12:20 "Daar was sommige Grieke onder die wat opgekóm het om op die fees te aanbid;

12:21 "Hulle het na Filippus gegaan wat van Betsáida in Galiléa was, en hom gevra en gesê: Meneer, ons wil Jesus graag sien."

Dis 'n merkwaardige versoek – "Ons wil Jesus graag sien."

12:22 "Filippus kom en sê dit vir Andréas, en Andréas en Filippus vertel dit weer aan Jesus.

12:23 "Maar Jesus antwoord hulle en sê: ..."

Die versoek is 'n baie eenvoudige versoek, "Meneer, ons wil Jesus graag sien." Jesus antwoord daardie versoek. Wat nou uit Jesus se mond uitkom is 'n antwoord op hierdie eenvoudige versoek, "Ons wil Jesus graag sien." Maar die antwoord wat Jesus gee, is eenaardig. Hy sê:

Joh 12:23 "... Die uur het gekóm dat die Seun van die mens verheerlik moet word.

12:24 "Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug.

12:25 "Wie sy lewe liefhet, sal dit verloor; maar wie sy lewe haat in hierdie wêreld, sal dit bewaar vir die ewige lewe."

Dis 'n eienaardige antwoord op 'n eenvoudige vraag, *"Meneer, ons wil Jesus graag sien."* Kom ons kyk 'n bietjie daarna ... Eers moet die koringkorreltjie in die grond val en sterf. Hy verwys na Sy eie dood. Daardie koringkorrel val in die grond en sterf. Maar vriende, 'n paar dae daarna (drie dae) ontkiem daardie koringkorreltjie in 'n nuwe plantjie. Iets nuuts gebeur. Daardie plantjie groei en word groot en dra uiteidelik vrug. Dan kyk mens na die baie vrug wat dit dra, 30-, 60-, 100-voudige vrug wat daardie een koringkorreltjie dra. En wanneer jy na daardie nuwe koringkorreltjies kyk, hoe lyk hulle? **Hulle lyk nes die eerste een.**

Jesus dupliseer Homself

Jesus praat dus hier van waar Hy **Homself dupliseer**. Want vriende, Hy weet dit is nie net die Grieke wat Hom wil sien nie. Maar ook die Romeine, ook die Barbaredom, ook die Skithe, en in die toekoms; ook die Russe en die Engelse en die Afrikaners, die Sjinese en die Japanese en die Amerikaners. Almal wil Hom sien; die hele wêreld wil Hom sien. En Hy as Mens, in Sy menswees, kan onmoontlik nie vir almal sien nie. Hy weet ook dat hierdie mense Hom nie net van 'n afstand wil sien en sê, *"O ek het vandag vir Jesus gesien,"* nie; hulle wil miskien met Hom praat, hulle wil dalk hê Hy moet vir hulle bid, vir hulle raad gee, berading doen. En Hy kan onmoontlik nie in Sy enkele menswees dit vir almal doen nie.

"... as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen..."

Jesus het dus 'n plan van hoe die hele wêreld Hom kan sien. Daardie koringkorreltjie moet nie alleen bly nie. Dit moet eers val, sterf, ontkiem, en dan groei in 'n nuwe volwasse plant wat Hom dupliseer. Daardie nuwe plant verteenwoordig die geboorte van die Liggaam van Christus, waar ons as Sy Liggaam Hom verteenwoordig. En vriende, van hier af begin Jesus om van die koms van die Heilige Gees te praat, dat die Heilige Gees in mense sal kom; en die Heilige Gees se taak is om **in en deur ons** te werk, sodat Hy Jesus aan die wêreld kan openbaar. Strome van lewende water vloei dus uit ons deur die krag van die Heilige Gees, en ons word dan 'n deel van die Liggaam van Christus. As mense die Heilige Gees se werke deur ons sien gebeur, dan sien hulle Jesus. Jesus word dus *"gedupliseer"*.

Toe die apostels 'n paar dae ná Pinkster gearrester was, en hulle staan voor die Sanhedrin, beantwoord hulle die vrae wat die owerstes hulle vra met gesag en wysheid. Die owerstes weet dat hierdie manne in hulself maar net gewone mense is, ongeleerd. Hulle wonder hoe dit dan moontlik kan wees dat die dissipels met sulke gesag praat? Hulle verneem dat die dissipels *"metgeselle van Jesus was"* (Hand 4:13). **Hulle sien Jesus** in daardie dissipels.

Toe Jesus nog op aarde geleef het, het die Fariseërs hul soldate gestuur om vir Jesus te arresteer. Toe die soldate na 'n rukkie terugkeer sonder Jesus, vra die owerstes, *"Hoe nou, ons het julle mos gestuur om Jesus te arresteer?"* Die soldate antwoord, *"Nog nooit het 'n man soos hierdie Man gepraat het nie."* (Joh 7:46) Daar is iets omtrent Jesus wie se gesag - die lewende water - uit Hom vloei wanneer Hy

praat. Geen mens was so nie. En nou sien die Sanhedrin dieselfde gesag in die apostels; hulle sien Jesus in daardie baie gewone, ongeleerde manne. Vriende, daardie selfde Jesus moet ook deur ons vloei. Dit is hoekom die Heilige Gees gekom het, sodat Hy deur ons, Jesus aan die wêreld kan toon. Jesus word in en deur ons gedupliseer – deur middel van die krag van die Heilige Gees wat binne in ons kom wanneer ons met die Hom gedoop word.

Deurdronge

In 1Korinthiërs 12:13 lees ons iets besonders. Hy praat daarvan dat ons almal wat deel van die Liggaam van Christus is, *deurdronge* van een Gees is. As ons gevul is met die Heilige Gees, is ons *deurdronge*. Dis die woord wat die Afrikaanse 1953 vertaling gebruik – *deurdronge*. Wat beteken dit? In die Engels sal dit wees '*saturated*' of '*drenched*'. "*Deurdronge.*"

Dis asof jy 'n spons vat en jy druk dit onder die water en jy druk dit herhaaldelik totdat al die lugborreltjies uit gekom het, en daar geen lug in die spons meer is nie. Dan maak jy jou hand stadig onder die water oop sodat die spons die water kan insuig. Daarna lig jy daardie spons versigtig op en sit dit op die tafel neer. Daardie spons is *deurdronge* met water. Kom ons sê, in terme van hierdie studie, *lewende water*. As ek en jy soos daardie spons, *deurdronge* is van die Heilige Gees, wat gebeur as jy daardie spons dan plat druk? Of die spons slaan? Water sal dan mos uitloop.

Vriende, wat gebeur as ons met die Heilige Gees gevul is en ons word geteister of vervolgd, of mense dink slegte

dinge van ons of doen slegte dinge aan ons? As ons vyande het wat ons wil seermaak of doodmaak? Wat gebeur as ons regtig *deurdronge* is met die Heilige Gees, en daardie negatiewe dinge gebeur met ons? Dit is mos wanneer Jesus sekerlik vanuit ons binneste uitvloei. Ons vergewe ons vyande. Ons probeer hulle nie terugkry vir die leed wat hulle ons aangedoen het nie - wraak neem nie. Ons vergewe hulle. Ons doen goed aan dié wat sleg aan ons doen. Ons stap die tweede myl.

Is dit nie wat Jesus in Matthéüs 5, 6 en 7 in die bergprediking gesê het nie? Hy wil mos hê ons moet soos Hom wees. In Mat 5:48 sê Jesus, "*Julle moet volmaak wees soos julle Vader in die hemel volmaak is.*" Dis net deur die krag van die Heilige Gees wat ons dit kan doen.

Hoe gebeur dit?

Vriende, daar is iets groot wat deur die werking van die Heilige Gees vir ons wag, maar ons moet eers gevul wees met die Heilige Gees. Hoe gebeur dit? Onthou die stappe wat Petrus genoem het:

1. **Bekeer julle.** Jy kan nie dink dat jy so *deurdronge* met die Gees is, terwyl jy nog 'n slaaf van sonde is nie, vol van die weë van die wêreld, vol van Egipte nie. Daardie twee gaan nie saam nie. Daar is 'n **bekering** wat moet plaasvind. 'n Omdraai, weg van die wêreld af.
2. Dan is daar ook 'n **doop** wat moet plaasvind. Hierdie twee gaan hand aan hand.

Ek bedien eenkeer in Pretoria by 'n groot manne byeenkoms, en toe ek klaar gepraat het, staan 'n man agter in die saal op en hy sê, "*Kan ek jou 'n vraag vra?*"

Ek sê, "Ja, vra maar." Hy sê vir my, "Wat glo jy oor die doop?" Nou, vriende, daardie is 'n warm patat in Suid-Afrika. Ek antwoord vir hom,

"Jy moet verstaan, ek bedien op baie verskillende plekke en elkeen het sy eie manier van doop. Party sprinkel babatjies, ander hou hul hand voor die mond van die babatjie en onderdompel die babatjie; ander mense doop groot; vorentoe, agtertoe, driemaal agtertoe. Ek gee nie om hoe jy gedoop is nie, maar ek wil **dit** vir jou sê van die doop: *as jou doop nie 'n merkwaardige verandering in jou lewe maak het nie, was dit net 'n dooie ritueel.*"

Vriende, die Heilige Gees kom om ons vry te maak van *dooie rituele* en om ons 'n nuwe lewe te gee. Die doop is wanneer jy *sterf*; onder die water soos 'n begrafnis. Jy *sterf* van jou ou lewe van slawerny in Egipte, jy kom die anderkant uit, as te ware 'n wederopstanding uit die dood; reg vir 'n nuwe lewe, reg om die Heilige Gees te ontvang, reg om daardie nuwe lewe van oorwinning te leef – Kanaanland!. Jesus en die apostels praat van daardie sterfte – as jy nie gewillig is om te *sterf*, as jy nie gewillig is om alles vir My te gee nie, dat Ek eerste in jou lewe is nie, dan kan jy nie hierdie oorwinningslewe van die Heilige Gees leef nie. Bkering en die doop is 'n *voorbereiding* vir die lewe van die Heilige Gees in jou.

Ek wil julle bemoedig. Hierdie is 'n *tyd vir bekering*. Ek lees vanmôre in die boek van Eségiël toe Eségiël teen die profete praat – hulle wat hul eie wil spreek, en hy sê,

"Julle het julle eie wil gespreek en julle sê, 'Vrede, vrede vir die land en dit gaan goed gaan en dit en dat gaan gebeur en alles gaan goed gaan,' maar julle het nie My

volk tot bekering gebring nie.” (Eség 13:1-14:11 – opsomming in my eie woorde)

Dis wat God wil hê. En dis wat ek wil hê, want dis wat God wil hê. God wil hê dat almal tot bekering moet kom (2Pet 3:9). Dis nie net `n ritueel, nie net `n godsdiens nie. Weet julle dat Jakobus 1:26b sê *“Julle godsdiens is tevergeefs ...”* Weet jy dit? Die Bybel sê, *“Julle godsdiens is tevergeefs.”*

As die godsdiens net `n dooie ritueel is, dinge wat ek doen waar my lewe nooit verander nie - net dinge wat ek doen omdat dit tradisie is, vriende, dan is dit *tevergeefs*. Die Here wil hê ons moet *sterf* vir die ou lewe. Dis waaroor *bekering* en die *doop* gaan. Die bekering is `n handomkeer wegdraai van my sondige lewe, en dan is die doop `n afsterwe van daardie ou lewe. Díe twee saam merk die begin van `n nuwe lewe in die krag van die Heilige Gees, sodat wanneer mense vir ons sien, hoe ons reageer op dinge, en hoe ons lewe, dan sien hulle dat ons *deurdronge* is van die Gees; dan sien hulle Jesus.

Getuienis van Zimbabwe

Toe ons nog in Zimbabwe gewoon het, het die regering se agente my plaas gekonfiskeer. Die Here het reeds voor die tyd vir my hieroor gewaarsku, en vir my gevra of ek gewillig was om alles vir Hom te gee. Ek het vir Hom gesê, *“Ja, Here, ek is gewillig.”* Toe kom neem hulle my plaas. Hulle sê toe vir my, *“Hierdie is nou nie meer jou plaas nie, jy is onwettig op hierdie plaas.”*

Daar was omtrent 30 manne om my, en hulle was wrede manne, gereed vir `n geveg. Toe hulle sê dat hulle my

plaas neem, antwoord ek, *“Ek seën julle met hierdie plaas.”* Hulle het so `n antwoord nie verwag nie, en nie geweet wat om daarmee te doen nie. Hulle het gekom, gereed vir `n geveg, maar in plaas van `n geveg, seën ek hulle in liefde. Toe die *nuwe eienaar* van die plaas vir my vra, *“Waarheen sal jy gaan?”* toe sê ek, *“Ek het `n Vader in die hemel wat vir my sorg. As Hy my van hierdie plaas af neem, dan het Hy `n ander plek vir my. Ek is dus gerus om vir jou te seën met hierdie plaas, want ek het `n Vader in die hemel wat vir my sorg, en ek is nie bekommerd oor die toekoms nie.”*

Vriende, daardie man het vir die eerste keer *Jesus gesien*, *Jesus* se reaksie. Dit het daardie manne diep in hul harte getref. Dit was sekerlik nie uit my eie krag of wysheid wat ek dit gedoen het nie.

`n Paar weke daarna hoor ek dat dié land kommissaris wat daardie groep manne gelei het, baie siek was, hy het `n beroerte aanval gehad. Die boere het hom gehaat, want hierdie man het wrede dinge aan die boere gedoen. Hulle het gewens dat hy liever moes sterf. Maar toe ek hoor dat hy `n beroerte aanval gehad het, sê die Heilige Gees vir my, *“Gaan bid vir daardie man.”* Ek ry toe dadelik, kom daar aan, klop aan die deur, maak oop die deur. En daar sit hy. Jy kon sien hierdie man was siek – hy het grys gelyk, hy was baie siek. Ek sê vir hom, *“Meneer, ek het gehoor dat jy siek is. Ek het gekom om te bid dat die Here jou sal genees, as jy my sal toelaat.”* Hy sê toe vir my, *“Ja, jy kan maar vir my kom bid.”* Ek gaan toe in en staan agter hom, lê my hande op sy skouers en ek bid, *“Here, raak hierdie man aan. Genees hom van hierdie siekte. Wys hom dat U almagtige God is en dat U vir hom lief is. Amen.”*

Vriende, die feit dat ek vir daardie man gebid het, het sy lewe dramaties aangeraak, want watter persoon sal vir sy vyand bid? Maar ek moes *Jesus* wees vir daardie man. Die Here het 'n wonderwerk vir daardie wrede man gedoen, en hom volkome genees.

As jy dors is

As ons met die Heilige Gees deurdronge is, beteken dit dat Jesus, deur die krag van die Heilige Gees, soos lewende water deur ons lewens uitvloei. Ek bid dat ons 'n nuwe denke sal hê. Die bekering is 'n nuwe denkwyse; nuwe denke oor die lewe, nuwe denke oor my verlede, oor die huidige dinge wat om my aangaan; dat ek gewillig is om Jesus eerste te stel, te sterf vir my ou lewe. Ware bekering lei my om terug te kom na die plek waar ek vra, *"Heilige Gees, vul my sodat ek Jesus kan wees vir die wêreld om my, want ek kan dit nie in my eie krag doen nie."*

Jesus het vir Sy dissipels gesê, *"Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees op julle kom en julle sal my getuies wees."* (Hand 1:8) Die krag om daardie getuie te wees, om *Jesus* aan die wêreld te wees, is nie ons eie krag nie, dis nie ons eie plan nie, ons eie vermoëns nie. Dis 'n krag wat die Heilige Gees ons gee wat ons eie vermoëns ver verby gaan. Jy kan hierdie dinge nie in jou eie krag doen nie. Vriende, ons is nie gevra om dit in ons eie krag te doen nie. Jesus bied die gawe van die Heilige Gees vir jou en vir my aan. Hy sê, *"As jy dors is, as jy dit regtig wil hê, as jy hierna smag; vra, soek, klop. Ek sal dit vir jou gee."*

Dis 'n gawe vir jou. Mag jy daardie honger en dors ervaar, soos die Psalmdigter gesê het,

*Psa 42:2 "Soos 'n wildsbok wat smag na waterstrome,
so smag my siel na U o God!"*

Het jy daardie honger en dors na meer van die Heilige Gees? Mag die Here jou vul in hierdie moeilike tye waarin ons leef, dat *Jesus* se liefde en hele wese vanuit jou binneste sal uitborrel. Mag jy *deurdronge* wees van die Heilige Gees.

Henry Jackson